

# VOORBIDDING

**VERRAS DEUR DIE TUINIER**

**WEEK 4**

***"EK WEET NIE" GEBED***

*Here, ek weet nie waarheen om van hier te gaan nie.*
*Ek weet nie wat gebeur of hoekom dit gebeur nie.*
*Ek weet nie hoe om dit te verwerk nie.*
*Ek weet nie wat om met hierdie emosies te doen nie.*
*Ek weet nie hoe om hierdie situasie te hanteer nie.*

*Daar is so baie "Ek weet nie's".*

*En dan, met watter klein saadkorreltjie van geloof*
*jy ookal oor het, sê jy:*

*MAAR U WEET, O GOD*

*En jy los dit dan daar.*

*Amen*



Jy word hartlik uitgenooi om saam met ons stil te word in die Here se teenwoordigheid.
In die halfuur voor die Omgeegroepe begin, is die Kapel oop vir gebed.
Kom rus 'n oomblik, luister na God se stem, bid saam vir die reeks en vir ons gemeente.
Almal is welkom.

VORM & VOLG

REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER

# GESNOEI OM VRUGTE TE DRA

22 FEBRUARIE 2026 | WEEK 4 | JOH. 15:1–2; HEB. 12:11

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se gedagte - dat God aan die werk is agter die skerms, dat wortels groei voordat blomme wys?

## 2. WORD STIL

Steek 'n kers aan. Luister saam na My hulp kom van die Here – Psalm 121: "Wanneer die pad onseker voel en die berge voor ons groot lyk, kan ons ons oë oplig en onthou: God sluimer nie en slaap nie. Hy bewaar ons uitgaan en ons inkom. Sy vrede lei ons veilig deur elke seisoen.."
https://youtu.be/ErcLvgIU-NY?si=RxzdeymOijPlnbHe

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Joh. 15:1-2 en Heb. 12:11 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- 'n Woord
- 'n Frase
- 'n Gedagte
- 'n Vraag
- 'n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe

## 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

Bespreek die volgende saam in die groep:

- Dink aan 'n wingerd in die winter, hoe dit baie keer dood lyk en dan gesels oor die gedagte dat meer *groei* nie meer vrug beteken nie?
- Wat maak snoei vir jou uitdagend?
- Is daar nou iewers in jou lewe 'n plek waar jy snoei ervaar? Hoe kan jy dalk anders daaroor dink na hierdie week se boodskap?
- Hoe help dit jou om te hoor dat snoei ook bevryding kan wees?
- Enige verdere gedagtes na aanleiding van Sondag se boodskap?

## 5. DOEN

Hierdie week se simbool is 'n snoeiskêr.
Dalk kan jy mediteer en joernaal oor hierdie gedagtes:

- "Hy sny nie om jou kleiner te maak nie. Hy sny om jou vryer te maak."

En dan ook:

- "Daar vrug wees. Nie omdat jy harder probeer het nie. Maar omdat jy in Hom gebly het."

## NOTAS

## 6. GEBED

Waarvoor het jy gebed nodig vandag? Is daar dalk iets wat jy met die groep wil deel waaroor hulle vir jou kan bid? Bid vir mekaar. Sluit dan af met gebed in die groter groep. Julle is welkom om die volgende gedig te gebruik as afsluitingsgebed.

Liewe Here,
ons dank U vir U ewige sorg.
U is altyd daar in dor, eensame of moeilike tye.
U is ons rots en ons skuiling,
in U is ons vertroue vir groei en lewe.
Dankie vir alles war U vir ons doen.

Amen

## GEDAGTES



